HERWINNING

Helderberg Uitreik se Dienssentrum maak baie goed gebruik van leë broodsakkies, joghurthouers en eierhouers (slegs die houer wat 6 eiers bevat). Help asb. met die herwinning van hierdie bruikbare items. Dit kan by die kerkkantoor ingehandig word.

Borg van die maand: BERG-EN-SEEKLUB

GEBEDSONDERWERPE

- Bid vir vredemakers in ons land wat ons sal help ontdek dat wat ons in gemeen het groter is as ons verskille. Bid dat mense nie onverantwoordelike uitsprake op sosiale media sal maak wat rassespanning opjaag nie.
- Vir die boerderygemeenskap wat onder groot spanning is en baie trauma moet verwerk. Bid vir die politieke wil by die regering om met die landbougemeenskap saam te werk om oplossings te vind vir beveiliging op die platteland.
- Die voorbereidings vir die Kersmark – bid vir genoeg uitstallers en ook vir die beplanning wat moet aanpas by die nuwe omstandighede.
- Bid vir almal in ons gemeente wat onlangs geliefdes verloor het en die verlies moet verwerk.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com / 021 852 1912

DEURKOLLEKTES

04 Okt: Helderberg Hospitaal Uitreik – R540
11 Okt: Projek 2020/21 – R400
18 Okt: Nepal Uitreik
25 Okt: Sinode: Jeugwerk

MANIERE VIR DANKOFFERS:

1. Elektronies:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer

2. Snapscan:

SnapScan
Snap here to pay
Works with

3. Koeverte:

Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor posbus geplaas word. Dié posbus word gereeld leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

18 Oktober 2020

Oggenddiens 09:00

Baie welkom in die Omgeegemeente vanoggend. Met die grootste gedeelte van die jaar wat voel of ons dit verloor het, nader ons die einde van die jaar baie vinnig. Tot aan die einde van die kerkjaarkalender op 22 November, is dit Koninkrykstyd voordat die nuwe Adventseisoen aanbreek. Ons fokus met vandag se erediens op die leesroostertekssteks uit 1 Tessalonisense 1:1-10. Paulus help ons om te dink oor die wyse waarop ons ons getuienis prakties uitleef en konfronteer ons met ons gehoorsaamheid aan ons roeping. Mag die Here ook vandag sy doel met ons elkeen in ons eie konteks bereik. Ons eredienste word nou ook via die internet gestroom met behulp van Youtube. Ons vra geduld omdat ons hier op nuwe terreine beweeg. Die skakels na die erediens is op die gemeente se webtuiste, facebookblad en ook ons whatsapp-groep beskikbaar/aangestuur vanaf ongeveer 08:45 op 'n Sondagoggend. Besoek gerus ons webwerf by https://ngksomersetwes.co.za/ vir verdere inligting.

KERSMARK 2020

Vergadering, Maandag 19 Oktober om 18:00 in Patmos

Die Kersmark vind vanjaar vanaf 27 November tot 5 Desember plaas en alle gemeentelede wat betrokke is of betrokke wil raak by die kersmark reëlings word uitgenooi om die vergadering by te woon.

VOORBIDDING

- **Lana Erasmus,** heupvervanging.
- **Chemie Prinsloo**, herstel na probleme met rustende hartspoed wat te hoog was.
- **Cecile Swart**, skoueroperasie en die afsterwe van haar suster.
- **Gawie & Christa Luttig** met die afsterwe van hul seun Michael, wat met kanker gediagnoseer was.
- **Ds Gawie v Broekhuizen,** gordelroos.
- **Dawid Brits,** herstel na hartaanval.
- **Hennie Gerber**, herstel na knievervanging.
- **Tersia Baard,** herstel na skoueroperasie.
- **Cora vd Veen**, wat geval het.
- **Buks v Zyl**, herstel na rugoperasie.
- **Elize Basson,** herstel na val en operasie.

BYBELSTUDIE

21 Okt – Patmos 18:30
28 Okt – Geen oggend of aand bybelstudie
04 Nov – Patmos 18:30

GEBEDSGROEP

Die volgende gebedsgroepgeleentheid sal weer op Woensdag, **4 Nov** om 09:00 in die kerk plaasvind.
Hannetjie Gericke
021 – 852 1912

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!